**HERSET@50: Die jeug kan nie die toekoms bou waarvan hulle uitgesluit is nie**

*Deur Lateefah Matinka**

Elke generasie word meegedeel dat hulle die toekoms sal erf. Vir Suid-Afrika se jeug hou dié stelling belofte én druk in. Ons word dikwels beskryf as die "vrygebore" geslag, die "toekomstige leiers" en die "hoop van die land".

Tóg bevind talle jongmense hulle 50 jaar ná die Soweto-opstand van 1976 steeds op die kantlyn van stelsels wat hulle veronderstel is om reg te stel, maar hulle word selde uitgenooi om vorm daaraan te gee. Hierdie Jeugdag (16 Junie) en Jeugmaand, met die tema "HERSET@50 – Die toekoms roep", word ons gevra om te besin oor hoe jongmense kan help om nuwe vorm aan Suid-Afrika se toekoms te gee. Maar voordat ons enigiets betekenisvol kan "herset", moet ons ŉ ongemaklike waarheid onder oë te sien: Mens kan nie ŉ generasie vra om ŉ huis te herbou wat hulle nie mag betree nie.

Vir baie jong Suid-Afrikaners word die ervaring van "jeug" nie deur vryheid of geleenthede gedefinieer nie, maar deur onsekerheid. Werkloosheid bly hardnekkig hoog, veral onder jongmense. Onderwys van gehalte is oneweredig versprei. Geestesgesondheidsondersteuning is beperk en dikwels ontoeganklik. En anderkant die statistiek is ŉ welbekende werklikheid: jongmense wat bekwaam, kreatief en toegewyd is, maar struktureel van deelname aan die ekonomie, politiek en selfs burgerlike ruimtes uitgesluit is.

Die probleem is nie ŉ gebrek aan ambisie nie. Dis ŉ gebrek aan toegang.

Ons praat dikwels oor jeugbemagtiging asof dit ŉ motiveringsoefening is. Werksessies word aangebied, veldtogte word van stapel gestuur en toesprake oor veerkragtigheid en leierskap word gelewer. Hierdie ruimtes het wel waarde, maar dis nie genoeg nie. Bemagtiging sonder strukturele verandering word blote vertoon. Dit plaas die verantwoordelikheid op jongmense om "harder te probeer" in stelsels wat onveranderd bly.

ŉ Ware "herset" vereis iets dieper: herverdeling van geleenthede, vertroue in jeugleierskap en ŉ bereidwilligheid om mag te verskuif. Die nalatenskap van 1976 is nie net een van weerstand nie, maar ook van politieke bewussyn. Jongmense van destyds was nie passiewe slagoffers van hulle omstandighede nie; hulle was aktiewe agente wat verstaan het dat onderwys, taal en beleid diep polities was. Hulle moed herinner ons daaraan dat jeugdeelname nie simbolies is nie. Wanneer dit ernstig opgeneem word, is dit transformerend.

Tóg word jeugdeelname vandag dikwels tot raadpleging sonder werklike gevolge vervlak. Jongmense word genooi na ruimtes waar besluite reeds geneem is. Hulle stemme word gehoor, maar daar word nie altyd uitvoering daaraan gegee nie. Dit skep ŉ groeiende kloof tussen jeugbetrokkenheid en werklike invloed.

As Suid-Afrika ernstig oor die herset van sy toekoms is, moet jongmense nie as begunstigdes van ontwikkeling geposisioneer word nie, maar as mede-outeurs daarvan. Dit beteken meer as verteenwoordiging. Dit beteken besluitnemingsmag in instellings wat vorm aan onderwys, die ekonomie, klimaatsbeleid, tegnologie en regering gee. Dit beteken ook om opnuut te besin oor hoe ons "jeugbydrae" definieer.

Nie elke jongmens sal ŉ organisasie lei of op ŉ verhoog praat nie. Talle dra reeds op minder sigbare maniere by: hulle ondersteun gesinne, ontwikkel klein ondernemings, skep digitale innovasie, organiseer in gemeenskappe en hou sorgnetwerke in stand waar die staat misluk het. Hierdie vorme van arbeid word dikwels oor die hoof gesien, maar is noodsaaklik vir die funksionering van die samelewing.

ŉ Herset moet dus ook ŉ daad van erkenning wees.

Maar erkenning alleen is nie genoeg nie. Jongmense het materiële ondersteuning nodig om potensiaal in impak te omskep. Dit sluit in toeganklike finansiering vir inisiatiewe onder jongmense se leiding, regverdige toetrede tot arbeidsmarkte en onderwysstelsels wat leerders nie net voorberei om eksamens te slaag nie, maar ook vir suksevolle deelname aan die samelewing. Dit vereis ook dat die openbare en private sektore verder as simboliese gebare moet beweeg en aktief in jeugleierskapsprogramme moet belê.

Tegelyk word die jeug self nie van verantwoordelikheid vrygestel nie.

ŉ Herset is nie net iets wat vír jongmense gedoen word nie, maar ook iets wat déúr hulle gedoen word. Dit verg kollektiewe optrede, burgerlike betrokkenheid en om te weier om weens frustrasie tou op te gooi. Dit vereis verbeelding: die vermoë om verder as geërfde stelsels te dink en alternatiewe voor te stel wat meer regverdig, inklusief en volhoubaar is.

Suid-Afrika het nie ŉ tekort aan probleme nie. Die land het ŉ tekort aan vertroue tussen generasies en instellings. Die herbou van daardie vertroue is die sleutel tot enige betekenisvolle herstel. Jongmense moet met werklike verantwoordelikheid vertrou word en instellings moet aanspreeklik gehou word wanneer hulle nie daarin slaag om jongmense in te sluit nie.

By nabetragting oor die 50 jaar sedert 1976 word ons daaraan herinner dat jeugbewegings nog altyd katalisators vir verandering was. Hulle was nie doeltreffend omdat daar oor die jeug gepraat is nie, maar omdat jongmense gehoor is, georganiseerd was en ernstig as politieke akteurs opgeneem is. Die toekoms is nie iets wat sommerso opdaag nie. Dis iets waaroor onderhandel word, wat gebou word en waarvoor geveg word.

As ons ernstig oor die herset van Suid-Afrika is, moet ons verder as retoriek na ware insluiting beweeg. Die toekoms roep. Maar jongmense kan dié roepstem nie alleen van die kantlyn af antwoord nie. Hulle moet ŉ plek aan die tafel gegun word waar daardie toekoms ontwerp word.

Slegs dán kan “HERSET@50” meer as net ’n slagspreuk word. Dit kan ’n keerpunt word.

**Lateefah Matinka is die voorsitter van die Verenigde Nasies-vereniging van Suid-Afrika (UNASA) se Stellenbosch-tak en bedryfshoof van die UniDreams-stigting, ’n NRO onder leiding van die jeug wat deur studente van die Universiteit Stellenbosch bestuur word.*